Kuns

LONDEN
Purcell se geboorte 350 jaar gelede word gevier met 'n BBC Proms-konsert in die Cadogan Hall hier.

MO
Die Bols uitg onv

EN VERMAAK

Digters kry kans om te publiseer

Die Nuwe Stemme-reeks, 'n projek waarmee Tafelberg-Uitgewers publikasie-geleenthede skep vir jong digters wat nog nie genoeg gedigte het vir 'n eie, selfstandige debuut nie, beleef vanjaar sy vierde toevoeging.

Ronel de Goede (Foster) en Danie Marais is die samestellers van die bundel *Nuwe Stemme 4*.

As deel van die projek word 20 digters na slypskole genooi. (Deelname aan die slypskool beteken nie noodwendig opname in die finale bloemlesing nie.)

Die genooide digters is: Fourie Botha (Kaapstad), Lewies Botha (Beacon Bay), Corné Coetzee (Johannesburg), Jan A.F. du Plessis (Pretoria), Marike Groenewald (Kaapstad), Francilié Hoek (Bry fort ville fell), Heni Papa nesb

WAT IS AAN DIE GANG

Klassieke musiek

UJ-kooruitvoering
Baxter-konsertsaal, Rondebosch.
★★★★★

By die aanhoor van 'n nuwe musikale werk, is 'n mens geneig om na die onderskeie elemente te luister eerder as na die geheel. Eers later kry die geheelbeeld.

Die Suid-Afrikaanse komponis Jeanne Zaidel-Rudolph (gebore 1948) se nuwe werk, *Youth Oratorio*, bevat 'n verskeidenheid musikale elemente en style wat uiteindelik 'n aangename en hoogs luisterbare geheel vorm. Met kontemporêre komponiste se werk, wonder 'n mens dikwels oor toeganklikheid, maar hierdie oratorium behoort by 'n wye gehoor aanklank te vind.

Zaidel-Rudolph het die werk in opdrag van die koor van die Universiteit van Johannesburg (UJ) geskryf. *Youth Oratorio* skets die lewensiklus van 'n jong mens: die nuwe siel word in die wêreld verwelkom, 'n naam word gekies, sorg en liefde word van die kind gevra, onskuld lei tot 'n verkenning van die wêreld, rebelse tienerjare en jong volwassenheid.

Die komponis het die teks geskryf, maar daarby aanhalings van bekendes soos W.B. Yeats en George Bernard Shaw gevoeg. Sy laat ook die musiek lieflik met die teks speel; die musiek "vloei" rustig op die woorde "The rise and fall, the ebb and flow" in Deel 3, "As you grow". En daar is ook 'n bluesmusiek-deel, Deel 7: "Teenage Blues".

Die werk van agt dele duur sowat een uur met 'n ensemble van fluit, tjello, hobo, trompet, sintetiseerder en perkussie wat begelei. Daarby beeld dansers ook sommige van die dele uit.

Die UJ-koor, onder leiding van Renette Bouwer, het deurgaans goed gesing met 'n ligte, suiwer klank. Verder het goeie balans tussen die instrumentale ensemble en die sangers 'n suksesvolle optrede verseker.

Die twee koorlede wat die drie resitatiewe gesing het, Nonkululeko Mabaxa (mezzosopraan) en Sydney Mthombo (bariton), het aangename bydraes gelewer.

WAYNE MULLER

Ligte musiek

Just Jinjer, Flat Stanley en aKING
Grand Arena, GrandWest
★★★★★

Die Grand Arena het Saterdagaand 'n eenmalige skouspel beleef toe Heineken en AMP Produksies drie top name op die verhoog aangebied het: Just Jinjer, Flat Stanley en aKING.

John met bietjie meer testosteroon. Die tjello was soms oordonder maar verder was alles foutloos – van tromme tot beligting. Teen die tyd dat "Treading Air" weergalm het, was die gehoor aan hul voete. En vir die wat nie aanhangers van onkomplekse pop is nie, was daar Just Jinjer om na uit te sien.

Ja dis amptelik – Just Jinjer kuier nie net nie. Ard Mathews en sy groep is terug na 6 jaar in

VOLKSVERHALE INSPI

Opera

LAETITIA POPLE
Kaapstad

'N Nuwe Suid-Afrikaanse opera wat oor die Namaleier Hendrik Witbooi handel, word tans deur die visuele kunstenaar Hentie van der Merwe, die teaterregisseur Marthinus Basson en die komponis Philip Miller met ondersteuning van die Universiteit Stellenbosch ontwikkel.

Die opera onder die voorlopige werktitel *Don't Call Me a Rebel* speel in die tydperk 1894 tot 1905 af en handel oor kaptein Witbooi wat geweier het om die sogenaamde beskermingsverdrag van die Duitse kolonialiste te onderteken.

Daarvolgens sou die Duitsers, onder leiding van majoor Theodor Leutwein, die Namas beskerm teen die Hereros. Luidens die verdrag moes die Namas egter al hul

gewe hulse die D Die gebie bië er te we libret denis tussel voeg driegl Heisel Van kloof- dié vo jaar rekor volksv Berlyn opgen weten Namib jaar va Tans